

Sing vooraf staande: Psalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 95:1 (p. 477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriendlike aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.

Gebed

Psalm 80:1, 10 (p. 406) (Wysie Ps. 105)

- 1 O Herder Isr'els, neem ter ore, / wat Josefs kroos, deur U verkore,
soos skape rustig wil laat wei, / of deur gevare heen wil lei;
U wat u troon op gerubs stig – verskyn weer blinkend in u lig!
- 10 O HERE, God der leërskaare, / verlos u volk uit doodsgehare;
dan sal ons U weer dien en eer. / O Herder, lei, herstel ons weer,
verkwik, verlos ons deur die lig / wat afstraal van u aangesig.

Skriflesing: Efesiërs 3: 14 – 21

Teks: Efesiërs 3:19, 20; Kategismus Sondag 25

Vers 19 sê: . . . **en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref.**

Vers 20 praat van: . . . **volgens die krag wat in ons werk.**

Ons vier dikwels Nagmaal – in opdrag van die Here.

- Nagmaal het te doen met die kennis en met die liefde van Christus, en ook met die almag van God waarvan hier sprake is.
- En terselfdertyd gaan dit ook oor die Heilige Gees wat al hierdie dinge in ons harte werk.

Dit gaan dus oor die hele evangelie – oor die volle verlossingsraad van die Drie-Enige God. Ons leer die evangelie op twee maniere.

- Die Heilige Gees leer ons deur die bediening van die Woord:
 - Dis deur prediking en deur ons daaglikse gebruik van die Bybel.
- En dan leer Hy ons deur die gebruik van die sakramente.
 - Dis die doop en die Nagmaal.

Die prediking en die sakramente is nie twee dinge nie.

- Albei is die verkondiging van presies dieselfde evangelie.
- Dit gebeur net op twee verskillende maniere.

Daarom kan ons nooit die bediening van die Woord en die bediening van die sakramente skei nie.

- Dit is 'n geweldige ernstige sonde as ons nooit in die kerk kom om aan die eredienste deel te neem nie, maar elke keer as daar 'n sakrament bedien word, byvoorbeeld die Nagmaal, dan is ons hier. Of as dit tyd raak om te doop kom ons en die hele familie – en daarna raak ons weer skaars in die kerk.

- As ons dit doen, dan skei ons Woordbediening en sakramentsbediening, en dit mag ons nie doen nie.
- Ons mag wel *onderskei* maar nie *skei* nie, want as ons die twee sake skei dan is dit altyd een van die twee wat ten koste van die ander belangriker beskou word.
- Die werk van God die Heilige Gees is altyd gelyk, en ewe veel werd in sowel die Woordbediening as in die sakramente.

As ons aan die sakramente 'n hoër waarde toeken as wat dit het, dan is ons heidene, want dan verval ons weer in uiterlike godsdiens omdat ons van die sakramente afgodediens maak.

- Ons mag nie aan die sakramente of aan die Woordverkondiging 'n betekenis gee wat dit nie in die Bybel het nie.

Wat is 'n sakrament nou eintlik?

- *Sakrament* is 'n baie ou woord – eintlik is dit vandag al vreemd – wat beteken *belofte*.
- Maar dis nie 'n gewone belofte nie.
- Dis is die soort belofte wat jy met 'n eed sweer vir jou vaderland, of soos die soldate in die ou tyd 'n eed gesweer by die vlag van hulle land.

Ons het nie sulke gebruike in ons volk nie, en daarom het ons taal ook nie 'n woord om hierdie een mee te vertaal nie, daarom vertaal ons dit maar met die woord *sakrament*.

- Maar sakrament beteken nie meer vir ons om 'n heilige eed te sweer nie.
- Vir ons het dit heeltemal 'n ander betekenis.
 - Dit beteken: dis 'n heilige, sigbare waarteken en bevestiging van 'n saak.
 - Maar dan mag dit net 'n saak wees wat God ingestel het.

Die sakramente is die doop en die Nagmaal.

Ons kerk oordeel dat daar volgens die Bybel slegs hierdie twee sakramente is omdat dit die enigste twee is wat in die Ou en in die Nuwe Testament voorkom, al is dit dan in verskillende vorme. God het ook al twee ingestel.

- Met sakramente laat die Here ons sigbaar sien wat Hy aan ons in sy hele evangelie van verlossing beloof het.
- Om seker te maak dat ons dit kan verstaan, gebruik die Here hierin die dinge wat ons die beste in ons alledaagse lewe ken – water, brood en wyn.

Sakramente is verder seëls (waarborge).

- In die ou dae het die koning sy seëlring se afdruk onder aan elke brief gemaak wat hy geskryf het, om daarmee te bewys dat die brief eg is.
- Net so waarborg die sakramente sigbaar dat die hele inhoud van die evangelie waar is.
- Wesenlik is hulle dus niks anders nie as Woordverkondiging.

Maar nou moet ons baie versigtig werk met die sakramente. Ons mag hulle nie gebruik as ons nie die eredienste bywoon en daaraan saamdoen nie.

- Met die sakrament bevestig God dat dit alles wat Hy voortdurend aan ons verkondig, die waarheid is.
- As jy dan nie hier is wanneer God ons toespreek nie, hoe sal jy weet van al sy beloftes?
- Waarom sal jy van iets verseker wil word as jy nie daardie versekering nodig het nie?

Die sakramente het 'n bepaalde doel.

Hulle moet ons ook leer dat ons saligheid in geen ander skepsel te vind is nie. Die saligheid is net in die almagtige God wat van ewigheid af bestaan.

- Die sakramente leer aan ons dat hierdie God in Jesus Christus aan ons volkome versoening van al ons sondes kom gee het.
 - Die sakramente moet ons aandag altyd weer op die kruis van die Here Jesus vestig.
 - Dit moet ons daaraan herinner dat die enigste weg om die saligheid te verkry is om hierdie Jesus se kruisdood te aanvaar, en in sy werk te glo.

Nagmaal leer dit so: Ons eet brood en wyn en dit word deur ons liggaam geabsorbeer. Dit gee aan ons krag.

- In die Nuwe-Testamentiese tyd was brood en wyn 'n volle ete.
- In hierdie ete – onthou kos gee krag en lewe – is die brood die liggaam van Christus, en die wyn sy bloed.
- Die Nagmaal is dus 'n Golgota-preek.
- Dis 'n preek waarin die Heilige Gees ons geestelik met Christus verenig.
- Dis wat ons noem gemeenskap met Christus deur die gebruik van die Nagmaal.

Vereniging met Christus is die enigste manier waarop die dinge waarvan ons teksvers praat, kan gebeur:

- kennis kry van Christus se liefde,
- en van God se genade,
- en van die kragtige werk van die Heilige Gees.

Maar dan weer: Eers vereniging met Christus deur die verkondiging van sy Woord, en dan bevestiging van ons geloof deur die vereniging met Christus deur die gebruik van die sakramente.

Die doop preek ook die kruisiging van Christus.

- Dit preek dat die bloed van Christus ons reinig van ons sondes, soos wat water ons skoon was van ons liggaamlike smet.

Die sakramente het bepaaldelik waarde vir God.

- Daarom moet ons dit onderhou tot aan die einde van die tyd.
 - Enige mens sal dadelik verstaan dat daar 'n rooi lig brand, want mense en hulle giere verander van tyd tot tyd.
 - Die gevaar is dus dat mense die sakramente deur die loop van die tyd kan vervals.

Dan die genade: As dit in die hande van mense alleen was, sou dit sekerlik nie meer suiwer bestaan het nie. Die tekens van die tyd leer dit ook aan ons.

- Daarom gee God duidelike voorskrifte oor elke sakrament.
- Ons mag nie aan die sakramente verander nie.

As ons na die valse kerke van ons tyd kyk, dan is die sakramente byna in alle gevalle die beginpunt van hulle dwaling.

- Die doop, soos wat dit in die Bybel geleer word, is nie meer goed genoeg nie.
 - Dit moet nou gekoppel word aan jou persoonlike verdienste.
 - Jy moet 'n tyd en datum van bekering kan noem.
 - Jy moet 'n keuse vir Christus kan maak.
 - Ander leer dat net volwassenes gedoop mag word.

Met die Nagmaal gaan dit niks anders as met die doop nie, want daar is geloofsgroepe wat die elemente van die Nagmaal verander.

Die afbreek van die sakramente is sonde.

Hierteenoor staan natuurlik **sakramentalisme**, waar die sakrament weer verhef word tot die een en die al.

- Dié groep leer weer dat die gebruik van die sakramente jou jou sondes vergewe.
- Die Bybel leer daarteenoor dat hulle net **tekens** van verlossing is.

Wanneer u na al die dinge luister, en ons lees in die Bybel dat die krag van God – die Heilige Gees – die ware geloof en kennis van verlossing bewerk, dan weet ons mos dat daar 'n geweldige verantwoordelikheid op die suiwer kerk se skouers rus.

- Hulle moet in die Naam van die Here toesien dat die sakramente heilig gehou word, en ook heilig bedien word.
- Vanselfsprekend moet hulle dan alle lidmate wat nie volgens die wil van die Here verantwoordelik wil lewe nie, en wat in hulle sondes volhard, van die Nagmaal en van die doop af weghou.

Hoe kan hulle ook anders?

- As mense hoofsaaklik die kerk besoek as daar 'n kind gedoop moet word, of as dit weer Nagmaal is, dan is hulle leer en geloof mos vals.
- Die formuliere sê ook dat sulke mense dit doen uit bygelowigheid of gewoonte.

Geliefdes, wanneer ons die Nagmaal gebruik, ontvang ons by die Here die versekering dat ons sondes vergewe is.

- Ons word herverseker van ons aandeel in die koninkryk van God.
- Ons word dus deur die krag van God verseker van die liefde van Jesus Christus.
- Dit beteken ook dat die Here ons verseker dat die Heilige Gees ons voortdurend lei tot wedergeboorte, en volharding in die geloof.

Daarom moet ons altyd luister as die Gees van God ons vermaan oor dit wat ons verkeerd doen, en ons aanmoedig om bekeer te word van alles wat verkeerd is.

- Onthou dat ons die Heilige Gees kan teenstaan!
- Dis die sonde wat God nie vergewe nie.
- Prakties beteken dit dat u die sakramente moet opvolg met onderrig, en ook met 'n baie verantwoordelike lewe.

Leef dan verlos van lewensvrees, want:

- Die sakramente verseker u juis dat Jesus Christus u bewaar van alles wat u vrees.
- Die sakramente leer verder ook dat die raad van God vasstaan, en dat u nie van God kan vervreem nie.

Bid die Heilige Gees om ons in hierdie liefde en kennis van Jesus Christus te lei en te laat lewe totdat die tyd van die volmaaktheid kom.

Kom ons lees Kategismus Sondag 25 saam.

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b).

(a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5; Filp 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23.

Vraag 66: Wat is sakramente?

Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik

daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).

(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7-9, 24; Eseg 20:12; Jes 6:6, 7; 54:9.

Vraag 67 : Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?

Antwoord: *Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is (a).*

(a) Rom 6:3; Gal 3:27.

Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: *Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.*

Amen.

Slotgebed

Psalm 75:1 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees gaan met u almal.

Amen

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 1 September 2002
11 Julie 2010